Oproep vir referate

Patryspoort na buite, 2-3 April 2012:

Modernisme in die Afrikaanse en Nederlandstalige literatuur;

Kognitiewe Taalkunde

Universiteit van Pretoria

In die Afrikaanse literatuurkritiek het die postmodernisme veral in die 1980's en die 1990's deeglik aandag ontvang, maar die modernisme is 'n literêre ontwikkeling wat tot dusver meestal net in die verbygaan in die kritiek en literatuurgeskiedskrywing genoem is as 'n invloed op die werk van die Dertigers en ook die Sestigers. Die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria (UP) het 'n navorsingsprojek oor die modernisme en moderniteite van stapel gestuur wat 'n waardevolle geleentheid bied vir die stimulering van 'n gesprek oor die plek van die modernisme in Afrikaans en Nederlandstalige literatuur. Die Departement Afrikaans van UP nooi belangstellendes van binne en buite die Universiteit van Pretoria uit om deel te neem aan 'n simposium oor die modernisme. Hoewel die Afrikaanse en Nederlandstalige literatuur die sentrale fokuspunt van die simposium sal wees, is bydraes in Afrikaans, Nederlands of Engels vanuit verwante dissiplines ook baie welkom.

Referaatvoorstelle word afgewag oor aspekte van die modernisme wat onder meer aansluit by die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die nut van die modernisme as 'n periodiseringskonsep in die geskiedenis van die Afrikaanse en Nederlandstalige literatuur?
- Wat is die aard van die aansluiting wat literêre spilfigure soos N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, Martinus Nijhoff, Paul van Ostaijen, Gerrit Achterberg en Simon Vestdijk by die modernisme as 'n internasionale tendens in die kunste gevind het?
- Kan literêre bewegings in Afrikaans soos Dertig en selfs Sestig sinvol met die modernisme geskakel word?
- Wat is die eiesoortige aard van die modernisme in onderskeidelik Suid-Afrika, Nederland en Vlaandere? Watter hibridiese vorme neem die modernisme in hierdie lande aan?
- Het literêre toenaderings tussen Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse skrywers ook betrekking op die modernistiese tendense in hul werk?
- Watter neerslag het die modernisme in die swart Afrikaanse literatuur gevind?
- Wat is die artikulasie tussen die modernisme en die postmodernisme in die Afrikaanse en Nederlandstalige literatuur?
- Wat is die aard en omvang van voortgesette modernistiese tendense in die hedendaagse literatuur?
- Skep globalisering moontlik 'n vrugbare bodem vir 'n nuwe opbloei van modernistiese elemente in die literatuur?

Kognitiewe taalkunde

Die Departement Afrikaans van UP nooi belangstellendes van binne en buite die Universiteit van Pretoria uit om as deel van die Patryspoort na Buite referaatvoorstelle in te lewer oor die Kognitiewe Linguistiek. Hierdie komponent van die simposium het ten dele ook die doel om die persepsie dat die Afrikaanse Taalkunde 'n kwynende bedryf is, tot 'n mate te besweer. Ons wag dus graag referaatvoorstelle in van met name Afrikaanse en Nederlandstalige taalkundiges wat binne die Kognitiewe Linguistiek / Semantiek werk.

Voorlegging van referaatvoorstelle

Referaatvoorstelle van ongeveer 300 woorde word ingewag teen **2 Maart 2012**. Prof. Andries Visagie (andries.visagie@up.ac.za) is die kontakpersoon aan wie alle korrespondensie gerig moet word. Die referaatvoorstelle behoort ook die volgende inligting te bevat:

- Titel van die referaat
- Naam van die betrokke bydraer(s)
- E-posadres van die bydraer(s)

Kongresdatum

Deelnemers word vanaf 08:30 op 2 April 2012 verwag en, afhangend van die aantal referate, loop die kongres op 3 April 2012 om 18:00 ten einde.

Registrasiekoste

Die registrasiekoste vir die simposium is R500 (oftewel R250 per dag) en sluit middagetes, koffie, tee en verversings in. Die registrasiefooi is verkieslik teen **2 Maart 2012** betaalbaar. Elektroniese oorplasings kan gemaak word na die volgende rekening: Universiteit van Pretoria, ABSA Bank, Hatfield, verwysing: A02216/03557. Deelnemers word versoek om bewys van betaling per e-pos te stuur na me. Tercia Klopper (Tercia.Klopper@up.ac.za). Die registrasiefooi kan ook tydens die simposium direk aan die organiseerders betaal word.

Kongreslokaal

Die simposium sal in die Konferensiesaal 100 (op die hoofkampus van die Universiteit van Pretoria plaasvind.

Akkommodasie

Deelnemers word versoek om hul eie akkommodasie te reël.

Die Protea Hotel Hatfield (http://www.proteahotels.com/protea-hotel-hatfield.html) is binne loopafstand van sowel die kampus van die Universiteit van Pretoria as die Gautreinstasie in Hatfield Hierdie hotel word aanbeveel vir besoekers wat nie oor eie vervoer beskik nie. Die Protea Hotel Hatfield Apartments (http://www.proteahotels.com/protea-hotel-hatfield-apartments.html), wat ook redelik naby aan die Gautreinstasie en die kampus geleë is, het groter kamers.

Gastehuise in die omgewing van UP sluit in:

Birdwood Boutique Estate (http://www.birdwood.co.za/)

Kirkness Gastehuis (http://www.kirknessguesthouse.co.za/)

Inligting oor gastehuise in Brooklyn, digby die kampus van UP, is verder beskikbaar op: http://www.qwerty.co.za/guest/suburbs/brooklyn.htm

Vervoer

Deelnemers is vir hul eie vervoer verantwoordelik. Die Gautrein bied tussen 5:30 en 21:30 gerieflike vervoer tussen die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg en die Hatfieldstasie (loopafstand van UP): http://www.gautrain.co.za/.

Adresse

Die Departement Afrikaans (http://www.up.ac.za/afrikaans) van die Universiteit van Pretoria is verantwoordelik vir die organisasie van die simposium. Rig alle korrespondensie aan prof. Andries Visagie (andries.visagie@up.ac.za).

Prof. Andries Visagie

Departement Afrikaans

Geesteswetenskappegebou, kamer 15-11

Universiteit van Pretoria

Lynnwoodweg

Pretoria

0002

Tel. +27 (0)12 420 4425

Faks: +27 (0)12 420 2349

Selfoon: +27 (0)848212786

Me. Tercia Klopper (Departementele administrateur)

Departement Afrikaans

Geesteswetenskappegebou, kamer 15-16

Universiteit van Pretoria

Lynnwoodweg

Pretoria

0002

Tel. +27 (0)12 420 4075

Faks: +27 (0)12 420 2349